

Bybelstudie



1 Mei 2022

Openbaring 5:11-14

Leef om te dien

By Sonstraal Gemeente is almal welkom –

hier leer ons saam om soos Christus te leef.

Ons is geroep tot: Genade, Gasvryheid en Gestuurdheid.

Kom tot rus

Laat iemand die volgende teks lees: Psalm 35:9-10a

Open met 'n gebed

Lees die teks

Openbaring 5:11-14

Agtergrond

Die fokusteks vir die derde Sondag in Paastyd kom uit Openbaring 5 waar die opgestane Jesus Christus op die hemelse troon aanbid word deur miljoene engele asook "die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is". Net soos op die tweede Sondag in Paastyd word hierdie toneel van die hemelse troon anderkant tyd in die boek Openbaring deur die Psalmteks gebalanseer en in die geskiedenis veranker binne die ruimte van die aardse tempel.

Dit is weereens Jesus wat die leiding neem om Johannes in te lig, soos dit was met die boodskap aan die gemeentes in hoofstuk 1-3. Dit is die Drie-enige God aan die werk. Ons hoor die stem van Jesus en sien Hom in die hemel as die Leeu-Lam. Ons neem die Gees se werk waar, wat van Johannes besit neem en verteenwoordig word in die sewe vuurfakkels rondom die troon. Ons sien saam met Johannes die Skeppergod wat op die troon sit in onuitspreeklike heerlikheid.

Die Troon van God is die middelpunt van alles in die hemel sowel as alles in die heelal. God is die geestelike middelpunt van alles wat bestaan, soos die son die middelpunt van ons sonnestelsel is.

Alles wentel om Hom. Alles aanbid Hom. Alles word deur Hom bepaal.

Alles wentel om God.

Grawe dieper

Die heerlike boodskap van hierdie gedeelte is dat God se verlossingsplan met die skepping onstuitbaar uitgevoer word. Dit gebeur deur die beslissende werk van die Leeu van Juda, wat God se plan as die dienende, geslagte Lam uitvoer.

Die hele skepping en die hemelkore, saam met die verlostes, bring ewig lof en eer aan God. Ons word geroep om vandag, en elke dag, ook elke Sondag in die erediens, hieraan deel te neem.

Lof is eintlik al wat ons – wat niks is en niks het nie – kan bring na Hom wat alles het en oor alles beskik.

1. Watter emosies voel jy wanneer jy die na die nuus kyk, lees? Wat ontstel jou tans die meeste wanneer jy na wêreld gebeure kyk?
2. Hoekom was niemand waardig om die boekrol oop te maak nie?
3. Wat sien julle raak oor die Lam?
4. Kan julle dink waar in die Skrif ons voorheen al gehoor het van die Lam?
5. Hoe regeer Jesus vandag in ons lewens?
6. Glo jy dat alles in jou lewe deur God bepaal word? Gesels met mekaar hieroor.
7. Wat neem jy saam met jou die week in vanuit die hierdie teks?

Bid

Sluit saam af deur geleentheid te gee vir almal om te bid